Oudtshoorn Courant

12 Okt. 2023

# NUWE DRUKGROEP DPS BEKENDGESTEL

***"Ons tronke is tans oorvol en die staat se belastingkas kan nie meer die finansiële las hiervan dra nie. Ons vra ook, wie se plig is dit om die kwaaddoeners te vergewe?"***

Journalist **Wyndham Ewerts | Thursday, 12 October 2023, 11:01**




Van links is DPS-lede: Awie Hendricks, Cardo Coerecius, George Wheeler, Schapiro Micheals en Delmain Davids. Agter is Glen Snyman (stigter). Foto verskaf

OUDTSHOORN NUUS - 'n Nuwe drukgroep, Death Penalty Supporters (DPS) is onlangs in Oudtshoorn gestig. Volgens DPS se leier, Glen Snyman, is die organisasie gestig omdat Suid-Afrika 'n buitengewone hoë moordsyfer en kultuur het.

> **"In ons land word tans tussen 60 en 80 moorde per dag gepleeg, en ongeveer 22 000 plus moorde per jaar Gewelds-misdaad, verkragting en roof het onbeheer-baar geraak en om daaroor in die nuus te rapporteer, is nie eens meer "nuus" nie, want dit is deel van ons alledaagse bestaan.**

"Sekere mense lewe in vrees vir hulle lewe, want sekere buurte is veilig en andere is onveilig. Ons sê genoeg is genoeg, en ons gaan die regering aanmoedig om die doodstraf weer in te stel vir mense wat doelbewus hulle hande aan andere se lewe slaan. As jy andere se reg op lewe neem, dan moet jou reg op lewe geneem word.

Hierdie is 'n organisasie wat ons op die been gebring het vir die toekomstige generasie van Suid-Afrika. Teen hierdie pas van morele verval wat ons land en gemeenskap op afstuur, sal die leiers van die toekoms hierdie oplossing eerder moet oorweeg om sodoende orde en respek vir lewe in ons gemeenskap te herstel.

"Ons tronke is tans oorvol en die staat se belastingkas kan nie meer die finansiële las hiervan dra nie. Ons vra ook, wie se plig is dit om die kwaaddoeners te vergewe?"

Snyman sê verder dat dit DPS se voornemens is om alle mense op te voed rondom die idée van die doodstraf en terselfdertyd ook ondersteuning gaan werf vanuit elke dorp in die land. Dit is DPS se doelwit om die publiek aan te moedig om te stem vir politieke partye wat vir die doodstraf steun.

Volgens Snyman gaan DPS binnekort die parlement petisioneer om 'n nasionale referendum te roep oor die doodstraf om sodoende die grondwet hieroor te verander.

Snyman verduidelik dat oortreders moet boet vir hul dade: "Ons glo in retribusie; 'n lewe vir 'n lewe. Sekere persone kan nie gerehabiliteer word nie, of wil ook nie gerehabiliteer word nie.

"Die publiek kan 'n groot rol speel hierin om op te hou om kwaaddoeners te beskerm deur hulle verkeerde dade goed te praat en moet eerder stem vir effektiewe strafmaatreëls in ons samelewing."

Meer inligting oor die nuwe drukgroep is beskikbaar by die webtuiste www.dpsupporters.co.za.